



Tiana Bosch

Metro East
Mikro Laerskool
021 903 2126
Theolize Blake

'n Bittersoet avontuur

Felix en Felicity vaar die hemelruim in opsoek na hul nuwe avontuur, skielik is dit pik nag donker. Hulle vaar in 'n donderstorm in en hulle ruimtetuig is heeltemal buite beheer, rook borrel by die enjin uit en die ruimtetuig se kontroles is uit beheer. Die ruimtetuig skud en ruk, arme Felix en Felicity skree, wat gaan nou aan! Felix sê Felicity, sy dink nie dat hulle nog 'n avontuur gaan beleef nie, hulle knyp hulle oë styf toe en druk hulle ore toe.

Na 'n rukkie is alles dood stil. Felix en Felicity loer versigtig by hulle ruimtetuig se venstertjie uit. Felicity skree opgewonde vir Felix dat hierdie moet hulle nuwe avontuur wees! Felix vra skrikkerig vir Felicity, ummm... waar is on Felicity?

Felix en Felicity klim stadig en versigtig en met baie nuuskierigheid uit hul ruimtetuig uit. Dis yskoud, stowwerig en 'n mif reuk hang in die lug, Felix en Felicity snak en verstik behoorlik na hul asem. Is hierdie reuk dalk een of ander grap, vra Felix? Dit is dan net spierwit rolle toiletpapier waar jy kyk vir so ver as wat jou oë kan sien. Felix en Felicity frons en hul bene bewe van die koue.

Ewe skielik soos mis in die verte verskyn daar twee groot reuse wat omtrent to hoog is soos 3 verdiepinggeboue, hulled het massiewe oë en monde wat kwyl en laat Felix en Felicity lam van die skrik en hulle hare rys. Die toiletpapierreuse pyl reg op Felix en Felicity af! Dis klaar praat met ons skree Felicity! Hardloop skree sy vir Felix! Vinnig klim terug in die ruimtetuig skree Felicity vir Felix, maar die ruimtetuig is stukkend en beskadig deur die storm, dit kan nie opstyg nie, sê Felix. Ons moes nooit hier geland het nie Felix, dis alles die storm se skuld. Hierdie is geen avontuur nie, dis 'n nagmerrie!

Skielik fluister 'n sagte stem by die agterdeur van die ruimtetuig. Hallo ek is Tiana en ek het een van die reënboogponies vir 'n rit geneem om haar nuwe vlerke bietjie uit te toets en ek het oor die planeete gevlieg toe sien ek julle ruimtetuig van bo uit die lug. Dit lyk my ek is op die regte tyd op die regte plek, mummy planet is die laaste plek waar julle twee wil wees, kom gou hop agter op my ponie ek sal julle beskerm. Felix en Felicity hop op Tiana se reënboogponie en so vinnig soos blits is hulle ver weg van die nare mummies planeet. Hulle hop en gallop van een hobbel oor 'n volgende en gly met 'n reënboog waterwurm af deur 'n tower land.

Julle is nou in my land sê Tiana, dit is 'n towerland en alles hier is stroopsoet en gemaak van suiker en lekkergoed, dit is hier waar ek en my ponies woon.

En moet nie bekommer wees oor jull ruimtetuig nie, want hier in my land help ons mekaar, my ponies met hul super krag sal sommer gou gou julle ruimtetuig hierheen bring en ek sal dit vinng vir julle regmaak sodat jull verder kan reis opsoek na julle nuwe avontuur. Terwyl Felix en Felicity smul aan die lekkernye in suikerland maak Tiana hul ruimtetuig reg.

Baie dankie dat jy ons gehelp het en dat ons avontuur so stroop soet verloop het Tiana en dankie dat jy ons gered het van die nare mummies se planeet. En op 'n reënboog vertrek Felix en Felicity in hul ruimtetuig opsoek na hul nuwe avontuur.